

**Donderdag 2 Junie**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 6:12-20; Heidelbergse Kategismus Sondag 12, v/a 32**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 6:17, 19-20**

**Deur geloof is ek 'n lid van Christus!**

Besef jy hoe groot die genade is dat jy as Christen bekend kan staan?

In een van die skandelikste vorme van teregstelling is ons Koning, die Here Jesus Christus, doodgemaak in 'n openbare spektakel. Sy lewe was die betaling wat nodig was om sy kinders vry te koop van die doodse sonde wat hulle gevange gehou het. Daarom is elke Christen nou sy eiendom – dis genade!

Omdat ons nou sy eiendom is, het Christus sy Heilige Gees gestuur om in ons te kom woon en die geloof in ons te werk. Deur die geloof is ons EEN met Christus en daarom is ons heilig, afgesonder om deel te wees van sy liggaam. Ons moet besef dat ons liggame nie ons eie is nie, dit behoort aan Hom, want ons is geskep om Hom te dien.

Daarom dan dat ons nie net sê en doen en dink wat ons wil nie. Ons kan ook nie net by die sondige wêreld en sy gebruike inval soos dit ons pas nie. Nee, ons moet lewe soos iemand wat 'n deel van Christus se liggaam is. Om 'n gesonde lid van Christus se liggaam te wees, moet elke Christen hom/haarself laat lei in die geloof deur die Heilige Gees. Ons moet heilig leef met ons eie liggame, omdat ons afgesonder is vir die Een wat ons met sy bloed gekoop het.

*Sing: Skrifberyming 5-3:2*

*Ds. P Hattingh (Philip) (Bloemhof/Christiana)*